# *Die Gemeente Chubut, Argentinië*

DEUR DS. H. J. PIEK, Comodoro, Rivadavia.

Die werksaamhede van hierdie gemeente het nou feitlik tot stilstand gekom, want die eerste sneeustorms het reeds begin val, wat verkeer in die Kolonie uiters onaangenaam maak. Gedurende die somermaande was hier egter groot bedrywigheid in die kerklike geledere. Baie werkies moes voor die kapok kom, afgehandel word: huisbesoek, buitedienste, dankfeeste, kerkraadsvergaderinge, ens. Die kerkraad het dan ook fluks uitgespring, en saam met die moeders van die Vrouebond het hulle veel waarom die Heer dankbaar te wees. Die kerklike insamelings het vanjaar die volgende bedrae gelewer: basaars van die Bond $2,500, kinderdankoffers $200, spesiale kollekte vir afbetaling van kerkmotor $1,800, en dankofferboekies $1,000 tot op datum. Dit is jare gelede dat die gemeente so 'n sommetjie bymekaar gekry het, en ons kon dus ons skuld grootliks verminder.

Op die oomblik is hier egter groot benoudheid by die boere — 'n groot droogte is dreigend. In die somermaande het hier niks reent geval nie, en die winter met sy gevreesde sneeustorms, wat soms duisende skape afmaai, is op hande. Mnr. Piet Henning het reeds 1,400 skape verloor, en baie boere moes ook al talle afgee. As die vaderland nou maar aan ons ook so 'n bietjie van sy gras kon gee!

'n Rukkie gelede het 'n byna noodlottige ongeluk ouderling Blackie getref. Terwyl hy bo op 'n *camion* (vragmotor) belaai met wol gesit het, het die voertuig op 'n gladde plek in die pad 'n swenk gegee wat hom na benede geslinger het. Vir weke het hy ylende in 'n bedenklike toestand in die hospitaal gelê, maar is gelukkig nou weer soveel beter dat hy kon uitgaan plaastoe. Die swaarbeproefde broeder Willem Blackie, wat 'n paar maande gelede sy eggenote verloor het en toe weer sy arm by een van die oliebore gebreek het en daarna in die hospitaal was met 'n maagkwaal, is gelukkig ook vinnig aan die herstel. Op die oomblik bevind Oom Johannes Visser, van Voorspoed, wat lankal lydend is aan 'n seer been, hom in die Britse Hospitaal in Buenos Aires. Die dokters het nou besluit om die been af te sit. Mag die Heer hom krag op die operasietafel gee! Oud. Martinus Visser en sy eggenote is ook na Buenos Aires met Dora, hulle dogtertjie, wat mediese behandeling aan haar been moet ondergaan. Hulle sal moontlik ook na Cordoba gaan om hulle seun, Tom, te gaan besoek, wat in die Santa Maria-Sanatorium is vir behandeling. Ons verlang dat al die beproefdes die troos van Gods vriendelike teenwoordigheid mag ondervind.

Huweliksklokkies het hier in die laaste tyd kort na mekaar gelui, en ons wil dan die volgende paartjies die Heer se rykste seën toewens: *Sarah Visser*, van Voorspoed, getroud met *Einar Waage*, vroeër van Noorweë. *Miemie Swanepoel*, dogter van ons ouderling, getroud met *Stoffel Myburgh*, van die Blouberge en kleinseun van Kom. C. P. Myburgh. *Hester van Vuuren*, vroeër van Sarmiento, getroud met *Alwyn Edwards*.

Tot nuwe kerkraadslede vir hierdie jaar is gekies en voorgestel, as ouderlinge: C. P. H. Myburgh, J. A. Stegmann, M. G. G. Visser; as diakene: Charles Dickason, Malan Cook, Andries Treurnicht.

Dat die Afrikaner van nature 'n trekker is, word seker hier in Chubut terdeë gestaaf. In die laaste paar maande het hier 'n hele paar families verander van plaas, en sommige het buite die bereik van gereelde kerklike bearbeiding uitgetrek, soos b.v. die broeders Dirk Biggs en Daan Peach, wat na die noorde van Argentinië verhuis het. Hier is ook families, wat sterk praat om na Suid-Afrika uit te wyk, maar nog nie die weg oop kan sien nie. Die familie Daan Treurnicht vertrek egter in Juliemaand en meen om hulle te gaan vestig in Johannesburg, waar daar familiebetrekkinge van hulle woon. Ons beste wense vir 'n aangename verblyf in die vaderland vergesel hulle.

Pinkstertyd is net verby. Die weer het ons begunstig, en gemiddeld veertig dorstiges het gedurende hierdie tyd saans in die kerkgeboutjie bymekaar gekom, waar ons saam gesing, gebid en gepraat het oor die ewige skatte. Ons is gelaaf geword en sien reikhalsend uit na 'n uitbreiding van hierdie seëninge ook tot die huisies daar op die verre boereplase.

# *Spesiale Arbeid Onder die Naturelle en Kleurlinge op die Kaapse Skiereiland*

DEUR EERW. J. DE VILLIERS, Claremont.

Vriende wat bydraes gestuur het vir Mnr. Croll se werk deur die Saakgelastigde en aan hom persoonlik word hartlik bedank. Mnr. Croll het as volg gerapporteer omtrent sy werk gedurende Junie:—

Een van die besigste plekke in Kaapstad op die oomblik is die vishawe by die dokke. Behalwe die Kaapse skuite is daar baie van ander plekke ook, wat gekom het vir die snoekseisoen. Elke dag is daar honderde kleurlinge, wat die dokke besoek om hulle geliefkoosde snoek te koop. Baie van hulle is van die agterbuurtes. Ons het besef dat by so 'n plek daar goeie geleentheid was om siele te vang. Ek het met die Evangelie-karavaan gegaan tot langs die hawe. Toe ek begin het met die evangelieprediking het 'n menigte vissers, viskopers en visverkopers rondom my vergader. Daar was stilte en eerbied vir Gods